



# Leestekens en hoofletters

Verskillende sin soorte

## Die bevelsin !

| | |
|---|---|
| Aandag asseblief ! | Kom dadelik hier ! |
| Staan stil ! | Gee aandag ! |

## Die vraagsin ?

| | |
|---|---|
| Hoe oud is jy ? | Wat is jou naam ? |
| Waar woon jy ? | Wie klop aan die deur ? |

## Die stelsin.

| | |
|---|---|
| Ek is in Graad 3. | Ek woon in 'n huis. |
| Ek leer my werk. | Ek neem graag deel aan sport. |

## Hoofletters: Aan die begin van elke sin.

| |
|---|
| Ek sing in die skool se koor. |

## Name en vanne van mense, diere en dorpe.

| |
|---|
| Jan Swanepoel en sy hond, Rex, woon in Port Elizabeth. |

## Dae van die week.

| |
|---|
| Ons gaan elke Woensdagoggend saal toe. |

## Maande van die jaar.

| |
|---|
| Ek verjaar in September. |

## Name van strate, voorstede, stede en lande.

| |
|---|
| Ons skool se adres is: Rooslaan, Sunridgepark,<br>Port Elizabeth, Suid-Afrika. |